



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Grondvrugbaarheid, grondmikrobiologie en plantvoeding 420 (GKD 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Modulekrediete	14.00
Programme	BScAgric Opsie: Toegepaste Plant- en Grondwetenskappe
Voorvereistes	GKD 250 GS
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Plantproduksie en Grondkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Grond beheer die beskikbaarheid van voedingstowwe aan plante en ander organismes in die grond. Die gesondheid en dinamika van biota in die grond is nouliks verbind met die interaksie tussen die pedosfeer en die biosfeer. Hierdie kursus handel oor die beskikbaarheid en opname van makro en mikro voedingstowwe in die plant - mikrobe - grond sisteem, tekorte en toksisiteit van essensiële voedingstowwe en ook grondeienskappe en grondomgewingstoestande wat grondvrugbaarheid en grond se geskiktheid as ? groeimedium beïnvloed. Praktikum sluit in laboratoriumevaluatie van grondvrugbaarheid en glashuisproewe om voedingstofopname, sowel as tekort en toksisiteit simptome, in plante te ondersoek.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.